Maar sy wil nie die gesprek op die negatiewe laat afstuur nie en lei dit na ligter dinge. Dit is juis die onderliggende motief van haar nuwe bundel wat eersdaags verskyn, getiteld *Tydlose Gety*.

Dit handel oor die goeie dinge wat buite die tyd staan, en ondanks weer en ouderdom tydlose waarde het.

Sy wys na 'n vaas pers lelies wat net-net wil begin verwelk en praat oor 'n nuwe gedig getiteld "Skyn" wat 'n vergelyking tussen kunsblomme en die ware Jakob trek. Die skoonheid van 'n egte blom lê in die feit dat dit net tydelik blom.

'n Rukkie later biep haar selfoon. Dit is 'n SMS van Johann de Lange, wat meedeel dat hy op pad is om sy kat, Jossie, te gaan haal ná 'n operasie.

"Oe, hy's gek oor katte!" roep sy uit, en ek onthou wat voorheen gesê is oor katte wat mense se lewens oorneem.

Dit raak tyd om te groet. Sy mag dalk nie die Dawid of Salomo van my gedagtes wees nie, maar ná 'n ontmoeting met Lina Spies herken 'n mens tog iets salig, groots, tydloos in haar.

Another "green wash" or a promise of real change?



STUDENTEFORUM

Pieka Grobbelaar

Being an environmentalist as well as a bit of a cynic, I was very pleasantly astonished at how quickly the issue of sustainability has attracted attention over the last year. Just a few years back, people like me were easily labelled hippies or tree-huggers, but nowadays it's cool to be green or "sustainable". Events like Earth Hour are becoming more popular, movies like "An Inconvenient Truth" attract attention and even here in Stellenbosch – where we just love clinging to old traditions – we have managed to start recycling... This being the case, I won't bore you with a spiel on why sustainability is not only important, but vital in our day and age. If you are not yet aware of this, just talk to someone who knows something about ... well, the world today.

Even though only a few students were aware of it up until now, this week is the most significant one for sustainability at the University of Stellenbosch to date. No jokes.

You see, tomorrow the first official move of the university in the direction of sustainability will be presented to students: SU's newly drafted environmental policy will be discussed at student

parliament, with the university's sustainability go-man, Prof Van Huyssteen present.

Prof Van Huyssteen is the vice rector of operations and finances. In 2008, he received a mandate to start implementing sustainability at the university. In the two years since, his office has basically been planning how they will do this. They have also put it on their website and they've even drafted the aforementioned policy. Meanwhile, Matthew Haden (SRC) and his team have rolled out a dry recycling system for all residences while Lydia Willems has been creating a model sustainable residence out of Lydia Women's Residence. Lydia's work won international awards and prestige for the university, as well as saving it thousands of rands in electricity and water costs. (Nevertheless Lydia was, in a recent controversy, dismissed as residential head without any explanation by mr Pieter Kloppers.)

Prof Van Huyssteen has kindly agreed to meet with us (concerned students) on several occasions. He kept a very cooperative attitude and has, in general, supported our initiatives. He has also impressed us with a scheme of delegating some responsibility for sustainability to department heads. However, we have yet to see his office launching any of their own sustainability projects. While it seems that Van Huyssteen is sincere in his mission to implement sustainability and has so far been held back by the bureaucracy, there are grave concerns about the university's current approach to sustainability.

Will the mandate actually enjoy the priority it deserves while under Van Huyssteen? His real job is, well, all of operations and finances. This keeps him pretty busy and he received no extra man-power to help with the new sustainability portfolio.

Additionally, many of the concerned people (like myself) fear that the management will only launch projects that will save a lot of money for the university, rather than ones that will mould students into leaders that will build a more sustainable world when they leave here.

This is of course the real issue: who really cares if the university wastes some electricity or water? It's not even a patch compared to industry. What's important is that the university is the producer of the industrial and political leaders of tomorrow! If the SU management care at all about the issue of sustainability they should be making work of this: leading both by implementing sustainability in the university's own infrastructure and by informing students about sustainable practices.

Yet, there is no coordinated programme for informing students on the subject of sustainability, nor anybody to dedicate their time to making the university itself more green! Nor does the future hold any promise to attain these things. Is sustainability just to become an "added responsibility" to managers who already have their hands full and do not know or care much about sustainability anyway?

While it's true that sustainability should be everybody's responsibility, should the university not employ someone – an expert – specifically to "push" for this much needed change? Everyone knows that managers don't like to change; someone needs to push until something happens. That's called a champion – something all business leaders are familiar with.

I call on all students (yes you!) to go to student parliament and challenge the management of the university to take the matter of sustainability more seriously than just adding it to a bureaucratic to-do list. Let's insist that they get real about addressing this by appointing a dedicated champion. All around the world people are realising the urgency of the matter of sustainability – let's be at the lead rather than in the slow-moving flock.

– Grobbelaar is a post-grad student in Mechanical Engineering. He is the coordinator of the Sustainability Think Tank, which is an open forum for all those at SU concerned about sustainability.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.

redaksioneel

'n Nuwe begin

Dit is verkiesingstyd.

Amper almal neem in hierdie tyd deel. HK-sirkusse word bygewoon, nuwe prims word verkies en 'n mens kan nie die plakkate van die SR-kandidate (met skerp en minder skerp slagspreuke) op kampus, veral die Neelsie, mis nie.

Dit is die tyd van mooi woordjies en die beste voetjie voorsit om stemme te werf. Soos ek deur die *VerkiesingsMatie* gelees het en by 'n koukus geluister het, het ek myself afgepra: as jy daardie stemme gekry het, wát dan? Gaan jy daarby kan hou of gaan jy besef daar is meer hooi op jou vurk as waarop jy gereken het?

Die woorde wat ek seker die meeste raakgelees of gehoor het was: "Ek is hardwerkend" of "Ek wil studente verteenwoor-

dig." Dit is pragtige woorde, maar hoe wil jy dit in die praktyk doen? Daar is vanjaar 27 SR-kandidate en daar kan slegs tien verkies word. As (amper) almal dieselfde ding sê, vir wie stem ek? Wat laat jou as 'n individu uitstaan? Wat bring jy na die tafel wat uniek is?

Ek het gereken as almal amper dieselfde ding sê, sal ek die onderskeid tref deur na die kandidate se lyftaal te kyk asof ek dowerig is. Vinnig het ek besef, as ek na 'n kandidaat se lyftaal by 'n koukus moet kyk om te bepaal of hy/sy die *lus* het om my te verteenwoordig, gaan ek die kandidate wat op die SR moet dien, op my een hand kan tel.

Kandidate, raak pro-aktief en kom met voorstelle hoe jy ons as studente wil verteenwoordig. Wat gaan jy anders doen as jou voorgangers om die verteenwoordigende funksie beter te

vervul? Mooi woordjies gaan jou nie ver genoeg bring nie.

Die Matie het ook verlede week 'n verkiesing gehou waarmee die laaste week van my termyn aangebreek het.

Vier jaar by *Die Matie*, waarvan ek drie jaar op die hoofredaksie was, was 'n uitstekende leerskool vir alles en nog wat. Van tydbestuur tot geduld het ek hier geleer.

Ek laat Woensdag- en Sondagvergaderings, uitlegnaweke en deurnag op 'n Maandag agter. 'n Meer gesonde slaappatroon wag op my, maar ek sal die min slaap van die laaste jaar vir niks verruil nie. My vier jaar by *Die Matie* was goed.

Baie sterkte aan Marietjie Vos en die nuwe hoofredaksie wat van môre aan die stuur van dinge is. Mag objektiwiteit en regverdigheid seëvier.

Laat die fakkel brand.

BRIEWE LETTERS

Volhoubare bestuur belangrik

Die US het onlangs besluit om nie Lydia Willems se kontrak as inwonende hoof van Huis Lydia te verleng nie. Geen redes is egter verskaf nie, en die Vroueforum beplan dus nou om aan te dring op die verskaffing van redes vir hierdie vreemde besluit. Vae skimpe vanaf verskeie US-woordvoerders oor dispute tussen Willems en sekere studente behoort ook sommer uitgeklaar te word. Tot nog toe kon slegs enkele onbenullige voorvalle uitgelig word wat duidelik buite verband opgeblaas en aangehaal is.

Die werklikheid is dat Lydia Willems oteenseglik baie vir Huis Lydia self, maar ook, wat volhoubaarheidsbestuur aanbetref, vir die hele universiteit en sy beeld na buite beteken het. Van besondere belang is die string prestasies wat Willems in haar vier jaar as inwonende hoof ontvang het op die gebied van volhoubaarheid. In 2007 en weer in 2009 het Huis Lydia se inwoners die ESKOM "Energy Challenge" op die US-kampus gewen, en in 2008 was hul tweede omdat die wenner-koshuis, vir die maand wat elektrisiteitsverbruik vergelyk is, alle elektriese apparate gekonfiskeer het! Verder het Willems self in 2009 vanaf ESKOM 'n landswye toekenning verwerf bekend as die "etaAward: Winner in Category: Women in Industry in South Africa". Dis in 2010 opgevolg toe sy gekies is as een van net drie finaliste vir die "Africa Energy Award - Most Influential Woman in Power Industry".

Die minste wat die US nou kan doen is om Willems se uitmuntende kennis en dryfkrag hier op die Stellenbosch-kampus te probeer behou. Die voor-die-hand-liggende oplossing sal wees om 'n oorkoepelende pos vir haar te skep in volhoubare bestuur van die kampus. Dit behoort nie slegs universiteitskoshuise nie, maar ook al die ander werksaamhede van die universiteit te behels. Dit sal 'n baie groot verlies vir die US wees indien 'n ander universiteit haar meer na waarde ag en opraap om hul volhoubare bestuur te koördineer, veral in die lig van die US se HOOP-projek, waarvan volhoubare bestuur een van die onder-afdelings is.


- SPOOK DE KOCK

Ontevrede oor Evaluering

Na aanleiding van die SR-Evaluering wat op Woensdag 26 Julie 2010 in die *Die Matie* gepubliseer is, wil die Uitvoerende Komitee van die Verenigingsraad en die lede van die SR Omgewingsake-komitee graag ons ontsteltenis oor die SR-lid Matthew Haden se gradering uitspreek.

Die lede van albei Haden se komitees, wat party op die komitees van sy voorgangers ook gedien het en dus in die posisie is om 'n objektiewe mening te vorm, kan onomwonde getuig dat Haden op vele vlakke 'n puik leier is. Daar is nooit by sy komiteede die indruk gelaat dat hy een van sy twee komitees afgeskep het nie. Haden het in werklikheid baanbrekerwerk vir albei sy portefeuljes gedoen en geweldig sukses daarin behaal.

Die aantuiging dat hy sy komitees se idees geminag het is loutere onsin. Inteendeel, Haden het sy komiteede voortdurend geraadpleeg oor sy projekte en planne en het ag geslaan op hul insette.



Hy het 'n gees van kollektiewe leierskap geskep waardeur sy komiteede altyd aangemoedig is om opinies te lewer, leiding te neem, en eienaarskap te neem van hul eie idees en die uitvoering daarvan. As individue is sy komiteede uitgedaag en die geleentheid en ruimte gegun om te groei en floreer as leiers. Deur sy eie voorbeeld is daar altyd 'n kultuur van professionalisme gehandhaaf wat almal om hom tot 'n doeltreffende werketiek geïnspireer het. Dit was waarlik 'n voorreg om saam met Haden studente te kon dien.

Om dié rede is die gradering wat in *Die Matie* verskyn het vir ons uiters skokkend. Buiten die ondergemiddelde "7" wat aan Haden toegeken is, is die beskrywing "Matthew is criticised for disregarding the Societies Council and his committees' ideas" 'n blatante bespotting van die waarheid. Dit is onregverdig en wreed, nog de meer is dit meedoënloos minagtend vir die diepgaande bydrae wat Haden aan die uitbou van Stellenbosch Universiteit en kampuslewe gelewer het.

- UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE VERENIGINGS-
RAAD EN STUDENTERAADKOMITEE VIR OMGEWINGSAKE

Mooi so


Hierdie het betrekking op Johan van der Merwe se brief "Welgedaan" in die uitgawe van 28 Julie 2010. Die uwe stem heelhartig met die skrywer saam en wil myself verstout deur te verklaar dat *Die Matie* inderdaad die beste studentekoerant in die ganse Suid-Afrika is.

Ek is 'n trotse oud-Matie en het die kampus alreeds sewe jaar gelede verlaat, maar het sedertdien nog nie 'n enkele uitgawe (ek lees dit aanlyn) van *Die Matie* gemis nie. Verder het ek die voorreg gehad om aan twee welbekende universiteite in Gauteng en die Noord-Wes te studeer en te doseer en húl weergawes van 'n studentekoerant kan eenvoudig nie by *Die Matie* kers vashou nie. Waar hierdie (en ander) universiteite se studentekoerante met 'n brosjure verwar kan word weens al die reklame daarin, is *Die Matie* 'n professionele produk van hoogstaande gehalte. Ek vertrou dat hierdie trotse instelling van die US net beter kan word, want ek beplan om myself nog lank ná my aftrede met die debatte, KampusQuotes, Gorrelkop en dies meer te vermaak.

- DR DENVER VAN SCHALKWYK

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan briewe@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to briewe@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



DIE WINDE VAN VERANDERING WAAI Soen in Die Laan is nie meer net vir heteroseksuele mense nie, koshuise moet anders oor geslagsrolle begin dink en blikskud nie meer blikskud soos in die ou dae nie.

HOOFREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za)
ADJUNKREDAKTEURS Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za)
Marietha Brits (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za)
AKTUEEL Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za)
STUDENTELEWE Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Mia Smit (sport@diematie.sun.ac.za)
TEKS Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za)
ADVERTENSIES Wilhelm Walsler (ads@diematie.sun.ac.za)
REKENAAR Simon de la Rouviere (it@diematie.sun.ac.za)

MEDEWERKERS

KWYTRAAK Deonette Theart (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **EARL DE TOILETTE** Philip de Beer (earl@diematie.sun.ac.za) **MANEWALES** Amori Stols (manewales@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za) **ADDITIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu **TEKS** Lizl Morden en Madelè du Plessis

STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste verdieping van die Neelsie.

TEL 021 808 3539 FAKS 021 808 3538 E-POS diematie@diematie.sun.ac.za
POSADRES Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
WEBADRES www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
VOLGENDE UITGAWE 25 Augustus 2010 **SPERDATUM** 18 Augustus 2010
ADVERTENSIES 082 492 0474

KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdoent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

Die Matie subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.



Perspektiewe & dinge

kampusquotes

Are you reading an article about Hitler?
– Shocked student to friend reading article about DF Malan...

That was a gay party, right?
– Exchange student after a lumo-themed party at Helderberg's bar

Daar's 'n verskriklike draadtrekkery oor wie die meeste voordele kry.
– Bestuursrek 378-dosent sukkel met die verskil tussen "draadtrek" en "toutrek".

We're going to do hardcore philosophy. Well... Maybe just hard. After all, we're dealing with religion.
– Philosophy of Religion lecturer prepares his students for a tough term

I'm not going to say happy birthday, I'm just going to like your message.
– Student solving the problem of how to wish someone a happy birthday on Facebook

– Is hy 'n ekshibisionis? – Nee, hy's net 'n kunsstudent.
– Op Eendrag se stoep gehoor

As jy my huiswerk was, het ek jou elke aand gedoen.
– Student raak romantis op Facebook

Die dosent is so hot, my balansstaat klop nou nog.
– Finrek 278-student

As ek nie van beter geweet het nie, sou ek gedink het jy's 'n dude – jy's altyd honger!
– Student aan eks-meisie wat oor die toestand van haar yskas kla

Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za

Me 'Ear Quote van die week

Ek stem net vir Eendragters en mooi meisies.
– Student verduidelik sy benadering tot die SR-verkieping

www.nubar.co.za

Pig Power, Shrewd Campaigning and Angst in Paradise



EARL DE TOILETTE

Ladies and gentlemen, welcome again – it has been quite a while...

Not only that, but recent developments both shocking and mundane-bear cynical deconstruction, and the Earl has been looking forward to it.

On the foreign policy front, things are finally looking up for the New South Africa. It is truly wonderful to see the great Tony Yengeni make a stunning comeback (what with all this business of false imprisonment and his victory over the shocking parole conditions those pigs imposed on him...). Always nice to see a familiar and trusted face back on the gravy train.

Not only that, but there are bigger and better cogs on the grind. In stark contrast with the Yengeni Fairytale, it is just as good to see the pigs finally standing up to those counter-revolutionary bastards over at the free press.

The Earl is extremely excited about the emergence of a ruling party-funded and backed independent news publication (as if we haven't gone on long enough without one). Finally someone is doing something about this "free press" fiasco. The New Age looks to be an astounding newspaper – rich, touting an agenda the size of a small, badly run country, and ready to provide the cash-strapped masses with an affordable, reliable and unbiased source of current events.

In addition to this ground-breaking step in revamping the limp-wristed, liberal decay that is the face of today's press, the magnanimous powers that be in our glorious state of SA have

taken a much-needed stand against not only the subversive institutions that manipulate and twist public opinion against them, but also its cadres.

The recent arrest of a left-wing and *tjatjarage* columnist from the *Sunday Times* was an impressive display of the full brunt of the SAPS arresting capacity – not only did this ingrate have the audacity to be walking to the police station to report for arrest when it was violently and publicly demonstrated what happens to fools who dare write against the state, but other members of his decadent profession refused to support this obviously justified display of totalitarian power. It positively warms the Earl's cockles.

good to see the pigs finally standing up to those counter-revolutionary bastards over at the free press

On a much lighter note, the Earl has discovered a vast discrepancy present in the English language. Having visited my chemist (whom some of you might remember has an obsession with terminology), the Earl's brain (with a little help from his friends) learned that Afrikaans is a very descriptive language, and many a creative and effective word has been invented in Afrikaans for already existing concepts. I refer to the word *oerknal* as a sound and serious empirical example.

However, it would seem that Afrikaans also has a knack for excessive description. When the pick was invented, its pansy Euro-fragile creator decided to call it a *flang*. Seriously. Rather flaccid indeed. When Afrikaans had to come up with a word for it, their culturally hardy inflection and proclivity for brute force ensured that it

was dubbed the *piksteel*.

The Earl can't imagine a more hardcore description of the exact nature of what we meekly call a "flang". It's magnificent. Upon further (altered/enhanced) contemplation, the Earl decided that a far better and more trepidation-inducing English name would be "Yule-pick".

Now there's a name that conjures up visions of violent, wife-beater-wearing and retribution-seeking woodsmen from the Siberian wasteland, violent and bigoted lynchings of the minority, or even horrific (and very *Huisgenoot*) impalement in commonly-occurring petunia-gardening accidents. Great survival myths shall be created, and let children be named in its honour.

And with that culture-redefining thought, let us segue into more local matters. The Earl's favourite season is upon us: election season. Soon brand-new and wonderfully naïve HK members, student leaders and other miscellaneous committees (e.g. to regulate the crucial matter of the state of grass on campus) will be gracing us with their obsequious presence.

Unfortunately, as much as the Earl would relish flagrantly lampooning some of these individuals on a cynical and listless whim, the issue is far too close to home this time. Borders are blurred, and invested parties loom. A listless angst is settling like dust from last night's dirty carpets.

Therefore, all the Earl will say on this matter is that he advises you all to be "that guy" on campus – don't vote. Then you can moan about everything all year without having lifted even a finger, or touched a mouse pad, to change this.

Kudos to all those out there – the unsung heroes who know and understand that real respect is won through sheer stubborn ignorance and laziness. It is a truly magnificent feat to be able to reconcile apathy and discontent, and come off well. Selah.

Om te grimeer of om nie te grimeer nie



MANEWALES

“Ons gaan laat wees! As jy nie oor vyf minute reg is nie, ry ek sonder jou!” maak hy alweer leë dreigemente soos hy voordeur toe loop.

“Daar is nog baie tyd, 'n mens ry nie 20 minute Welgevonden toe nie.”

“Uiteindelik!” sê hy en skakel die kar aan.

“Ek het dit –” (Ek maak 'n vinnige swaai-beweging met my hand oor my gesig) “in vyf minute gedoen. Ek dink dit verdien meer as net 'n uiteindelik.”

“Ooee,” sê hy en frons.

“Wat beteken Ooee?”

Hy lek sy vinger nat en vee iets onder my oog af. “Die helfte van jou maskara sit op jou wang. Jy weet ek het nou die dag gelees hulle kan jou wimpers kleur en dan sit hulle vir jou soos eyeliner tattoo op. Dink net, ons sal nooit weer laat wees nie.”

“Ek het nie geweet dat jy op *Cosmopolitan* ingeteken het nie.”

“Huh?”

“Waar anders sal jy so iets lees?”

“Ek kan nie onthou nie, maar dis iets wat jy beslis kan oorweeg, dan het jy tyd om 'n bietjie meer moeite met die res van jou gesig te doen.”

“Wat bedoel jy so 'n bietjie meer te doen met die res van my gesig? Wat is fout met die res van my gesig?” Ek maak instinktief die karspieëltjie oop en bestudeer my gesig.

“Nee, dis net, jy...” Hy sug en ek kan sien dat hy ewe skielik baie spyt is dat hy die gesprek begin het.

“Jy lyk altyd dieselfde. Ek hou van die natuurlike look, maar...”

“Ja?” Ek dink mans dink dat alles wat vroue aan hulself doen, vir hulle is. Ons het geen ander doel in die lewe as om vir hulle mooi te lyk nie. Dis omdat die meeste vroue doen wat hulle dink mans wil hê of selfs van sal hou, dat hulle lyk soos hulle lyk.

Net nou die dag sien ek weer 'n vrou in haar laat dertigs met iets aan wat ek nie eens nou sal dra nie. Mans mag dalk sê hulle hou van borste, maar dit beteken nie hulle hou daarvan as dit uitgestal word nie. Dit gaan altyd my verstand te bowe hoe party mense net nie die logiese stap in hul brein kan maak en besef 'n mens dra *hot pants* op die strand en beslis nie in die *mall* as dit minus 10 grade is nie.

Die rede waarom die meeste vroue sukkel om die logika-sprong te neem is omdat hulle toelaat

dat mans seggenskap het in hoe hulle lyk. Dit is immers die grootste fout, want almal weet dat mans die teenstrydigste spesie op aarde is. Mans het geen idee wat hulle wil hê nie. Hulle sê hulle hou daarvan as 'n vrou grimering dra, maar nie, te veel nie.

“Dit moet eintlik nie lyk asof sy grimering dra nie. Sy moet nie heeltemal anders lyk as wat sy sal lyk as sy nie die dag grimering aan het nie.” Hoe lyk 'n mens só, vra ek jou met trane in die blou oë wat ek nie het nie? Sit jy weer méér grimering aan is jy kunsmatig, te min is jy's 'n *tombay*. 'n Mens kan eenvoudig nie wen nie. Die ergste van alles is hul goudvissie-geheue. Mans onthou net wat hulle wil onthou en dit is gewoonlik nie enige aanmerking wat hulle oor jou voorkoms gemaak het nie.

“Net nou die dag het jy gesê ek dra te veel grimering en nou wil jy hê ek moet my ooglede laat tatoeër sodat ek eendag op my oudag met sulke blou ringe om my oë sit. Wat as daai vrou wat die tatoe maak nies, kan jy dink watter gemors dit sal wees?”

“Ek het dit nooit gesê nie.”

“Jy het, nou net.”

Ek begin dink dat dit die ewige konflik tussen mans en vroue is wat ons tot mekaar aantrek. Waaroor sou ons anders praat?

“Ek het dit nie gesê nie!”

GORRELKOP

SLAGGEREED

VERKIESINGSTYD is altyd vir Gorrel 'n groot bron van vermaak. Slagspreuke! Wie wil nou meer hê as “Much more Mudge” of “Wood would do it” om hul daaglikse vermaakkwota vol te maak?

Gorrel dink egter dit is onregverdig dat net party SR-kandidate slagspreuke het, en daarom het Gorrel Gorrel se langnaweek gebruik om aan 'n paar nuwes te dink sodat hierdie speletjie 'n bietjie meer inklusief kan raak.

Hier is hulle dan nou: La di da Nadia. Jan die Man. Scottish Leader.

Ahem. Goed, dis hoe ver Gorrel gekom het. R50 aan die eerste persoon wat 'n volledige

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampus-politiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

stel kan uitdink. Stuur voorstelle na briewe@diematie.sun.ac.za.

– Gorrel (en die meeste van Gorrel se maatjies) vermoed egter dat hierdie verkiesing se grootste bron van vermaak nie die slagspreuke is nie, maar die kandidate se CV's. Nee, die feit dat jy al 'n huisdans georganiseer het maak nie van jou die ideale SR-kandidaat nie.

IS DIT 'N VIBRATO WAT EK DAAR HOOR?

DIT IS die seisoen van ser: serfs! Gorrel wil graag almal wat na die finale rondte deurgedring het, gelukwens.

Gorrel weet egter nie of Gorrel self gaan deurdring nie – dit is maar moer koud hier waar

Gorrel in Matieland se eie wonderlike studentesentrum moet oorslaap om kaartjies in die hande te kry.

En daar is darem 'n klomp snotneus ser-fans wat Gorrel se lewe in gedrang bring met al die kieme en H1N1-goed wat hier die ronde doen. Wat het van die Neelsie geword? Dit voel eerder soos 'n siekeboeg en teel-area vir kieme... Die Teelsie.

– Gorrel dink egter dit is nie al wat hier om hom in die Neelsie teel nie, en dat 'n verkoue nie die enigste kwaal is waarmee sommige studente ná hierdie oorslaap gaan wegstap nie. Gorrel merk dat daar sommige lyfies is wat maar styf teen mekaar vryf om die koue weg te hou. Van sulke lyfies kom ander lyfies...



A FRIENDLY GAME These girls from Boland and Medics have a close encounter during Saturday's weekly Residence League soccer match. Medics enjoyed victory with one goal to Boland College's zero. Many teams had to play without any substitutes, because most students had left for the long weekend. This was very strenuous on the players and Erica and Nerina had to play two matches one after the other, because neither residence had a second team.

Photo: WOUTER MORGAN

Min beplanning vir *Enduro Challenge*

Studente swoeg vir liefdadigheid

ELRI NIEUWENHUIS EN MIA SMIT

Fikse Matie-studente het laasweek weer die geleentheid gekry om te bewys dat hier op Stellenbosch nie net gestudeer word nie. Die jaarlikse Matieweek het weer iets vir almal gebied en die *Enduro Challenge*, wat laasweek Dinsdag begin het, het aan fikse studente die kans gegee om hul staal te wys.

Hierdie jaar se geleentheid het op basies dieselfde eenvoudige sisteem as verlede jaar s'n gewerk. Koshuise en privaatwyke kon self kies saam met watter ander koshuis of privaatwyk hulle wou deelneem en spanne het uit ses vroue en ses mans bestaan.

Spanlede moes tussen die verskillende oefeningsapparate, wat oefenfietse, *treadmills* en roeimasjiene ingesluit het, roteer. Daar is dan gekyk na wie binne hul toegelate tydgleuf van twee ure die meeste kilometers op die klok kon kry.

Dit is 'n wonderlike geleentheid om 'n bietjie aktief te verkeer ná die lang winter-vakansie, veral nou dat ons in huisdans-seisoen is. Tog, as jou gegewe tydgleuf 04:00 in die oggend is, is dit minder opwindend om in die winter-koue in die Neelsie te gaan fietsry.

Dit is hierdie tye wanneer jou ware deursettingsvermoë getoets word. Spanne was veronderstel om vir 72 uur

aaneenlopend deel te neem en spanne het elke twee uur geroteer.

'n Student het 'n kopbesering opgedoen in haar poging om op die *treadmill* te klim sonder om die *treadmill* te laat stop. Die beampste het aan haar gesê dat indien hulle die apparaat sou stop, hul span dan tyd en punte sou verloor.

In die student se poging om toe op die apparaat te klim, het sy van die apparaat afgeval. Daar was nie noodhulpdienste beskikbaar nie en die personeel van Die Neelsie Studentesentrum moes

die student te hulp snel. Sy sê ook dit wil vir haar voorkom asof die beampste nie goed opgelei is nie en dat hulle nie geweet het hoe die appaarte werk nie.

Verskeie tye terwyl die *Enduro Challenge* besig was,

was daar niemand op die appaarte nie. Na herhaalde navraag hieroor het Maryke Pauw, SR-lid: Sport, nog nie teen druktyd gereageer nie.

Die geleentheid het hierdie jaar 'n nuwe dimensie bygekry deurdat MGD 'n fiets aan behoeftiges geskenk het. Hierdeur het studente ekstra motivering gekry omdat hul moeite ook iets bydra tot die gemeenskap.

Hierdie jaar het daar 26 koshuise en privaatwyke oftewel dertien pare om die titel meeding. Die Studenteraad het ook besluit om hul staal te kom wys en die personeel van Admin A is ook in aksie gesien.

Hopelik sal die probleme voor volgende jaar uitgestryk word.

Verskeie tye terwyl die *Enduro Challenge* besig was, was daar niemand op die appaarte nie

Luister-Leef-en-Leer-gemeenskappe 2011

Die leef-en-leer-huise en -gemeenskappe is ontwerp om studente 'n unieke kampusleefomgewing te bied wat op 'n opvoedkundig en diensgerigte program konsentreer. Temahuisse skep eiesoortige onderriggeleenthede binne die leefomgewing. Studente kan openhartig en saamwerkend met hul portuurs, donateurs, akademici, politici, ander instellings (plaaslik en internasionaal), Universiteitsbesoekers, die Rektorat en die gemeenskap kommunikeer en omgaan, ten einde die leef-en-leer-gemeenskappe in vernuwend 'dinkskrams' te ontwikkel.

Voordele:

- Studente ontvang voortdurend leierskapsgeleenthede, sowel as opleiding van tyd tot tyd.
- Studente doen ondervinding op in beplanning, projekbestuur, samewerking met verskillende mense, en wisselwerking met portuurs en akademici.
- Studente doen temagegronde groepleefervaring op, en bring die klas- en buiteklaservaring nader aan mekaar ten einde 'n bevorderlike omgewing vir akademiese uitnemendheid te skep.
- Leef-en-leer-gemeenskappe skep meer wisselwerking tussen studente, akademici en die Universiteitsbestuur.
- Studente ontwikkel die nodige selfvertroue, skeppende denke, kennis en vaarvermoë om gesonde gemeenskappe te ondersteun of aan te voor.

Vereistes: Elke huis behoort hom tot die volgende te verbind:

- Om voortdurend ná die Universiteit se doelwit te streef, naamlik om 'n sentrum van uitnemendheid te wees
- Om die vestiging en instandhouding van gasvrye en vriendelike huise te verseker
- Om 'n mentor of leier uit die akademiese personeel te kies en te gebruik
- Om 12 voorkamerforums/-gesprekke per jaar aan te bied
- Om huisvergaderings te hou en by te woon
- Om elke inwoner 'n geleentheid te gun om in 'n openhartige gesprek te nooi
- Om elke inwoner 'n geleentheid te gun om 'n jaarverslag van die gesprek op te stel
- Om as huis aan projekte deel te neem
- Om deur middel van die projekte 'n positiewe en beduidende impak op die Universiteit te he
- Om die huis se werksaamhede en projekte met behulp van die media, Skype, Twitter, Facebook, blogs, opedagstalletjies, ensovoorts te bemark en bekend te stel

Samestelling van die huise:

- Senior mans- en vrouestudente
- Verskillende fakulteite
- Diversiteit
- Aanbeveling: Internasionale/uitruilstudente

Voorgestelde huistemas vir 2011

- Neem aksie vir veilige Suid-Afrika
- Gemeenskaplikheid-skep 'n tuiste om te behoort
- Onderwys -fondasie vir voorspoedige toekoms
- Die invloed van Globalisatie op menswaardigheid
- Telemedisyne
- Media
- Tegnologie en Innovasie
- Gesonde Afrika
- Sport vir gemeenskaps betrokkenheid
- Geslags gelykheid
- Volhoubaarheid
- Leierskap
- Om die wereld deur ander se oë te sien
- Beplanningskommissie
- veranderde Stellenbosch
- Millenium doelwitte

Om aansoek te doen skakel met Cheryl Cornelissen by cherylc@sun.ac.za, 021 808 2844 of 084 568 6659.

Lentelus developments intended to benefit youth

New centre creates hope

LEE NELSON AND MIA SMIT

It is hard to believe that today it is exactly one month since the final match of the FIFA Soccer World Cup was played between Spain and the Netherlands in Soccer City in Soweto.

This match heralded the end of a monumental tournament that had been the product of months of careful planning by South Africans on many levels.

A lot of people have already packed away their makarabas, vuvuzelas, flags and other football gear and it seems that all the soccer-hype is gone, which can cause one to be very gloomy.

Together with its various different partners, Stellenbosch University (SU) has made sure that the communities of Stellenbosch and South Africa as a whole do not easily forget about the World Cup and everything it brought to South Africa.

The university is doing this by upgrading the Lentelus fields and building a state-of-the-art soccer centre and with hearts pounding and feet dribbling, SU has unveiled its Soccer Centre, based at Lentelus.

The centre, which forms part of the FIFA 2010 Legacy project, will provide a base for the university's Youth Sport Initiative, which is aimed at developing young talent through football.

This project is in line with SU's strategic focus on tackling some of the key challenges in South Africa and the continent, and will provide hope for children with a keen interest in "the beautiful game", as soccer is known across the globe.

In this first phase of the project, a full-sized artificial grass pitch and FIFA-approved Futsal (five a side

football) courts have been constructed, providing a safe yet stimulating environment for youth from the surrounding communities.

These facilities will soon be supplemented by grass and sand courts (for beach soccer), and eventually a full pavilion, upgraded changing facilities and a conference centre, all in a bid to create a central footballing hub for the greater Boland community.

"This centre is the cornerstone of our Stellenbosch 2010 campaign, which saw a number of soccer-related

More than simply a sporting initiative, the centre will also provide children with academic and life-skills training through a partnership between the Stellenbosch University Sport Performance Institute (SUSPI) and a German social responsibility organisation, Stars of Tomorrow.

This after-school programme will see learners who are struggling academically paired with specialist teachers, coaches and graduate students as they receive extra tuition, specialised life skills training and soccer instruction.

"We want the Stellenbosch Soccer Centre to become not only a hub for football, but also for social development in the Western Cape," comments ms Gugu Ntuli, CEO of SUSPI.

"Whether it's the after-school programme, our academy for talented youth or our development initiative for girls and children with disabilities, we are aiming to provide a holistic soccer experience, which also transcends sport and provides strong social and academic skills."

And, although the project's roots will always remain in Stellenbosch, the university is currently looking to collaborate with existing African partner universities and professional football clubs to mirror the Lentelus model in other African countries.

"We feel that the Youth Sport Initiative could provide a model for African universities, allowing them to be agents of change in their surrounding communities to make a tangible difference," comments Smith.

"Many children are condemned to a life of poverty and for us to break this cycle, it is imperative that we develop their social, physical and academic abilities".

"This centre is the cornerstone of our Stellenbosch 2010 campaign..."

activities promoted across the campus and in the community since June last year.

"We set out to make a significant contribution to a successful World Cup, which we feel we undoubtedly have done," comments professor Julian Smith, vice-rector: Community Interaction and Personnel and head of sport at the University.

"There has been much enthusiasm around the 2010 FIFA World Cup and investment into the sport of football.

"Through this centre we hope to contribute to the sport locally while creating a longstanding legacy which continues to support the growth of football and the development of gifted young players.

"The university is a socially responsible institution which, through this project, hopes to emphasise the intention to create opportunities for access and success."

WHAT DO YOU THINK?

BY: MIA SMIT AND JOHANN SWART

HOW HAS THE WORLD CUP CHANGED YOUR VIEW OF SOCCER?



MCOSELELI ZINTI
LLM (Human Rights) UNISA

"It is good, because it combines all the tribes, but I prefer rugby."



GINA KING
BA (Hons) History

"Since I've seen Bafana play I just don't feel the same about Arsenal."



ELZANNE BOTHA
BComm (Marketing Management)

"I have forgotten that soccer exists and still prefer rugby."



TOULON VAN DER WALT
BSc (Earth Sciences)

"I enjoy the European League more now."



SIMONÉ HOPLEY
BAcc

"At first I thought soccer sucks, but now I think that they are *kwaai*."



ROBIN PAYN
BAcc

"I was not excited before, but I enjoyed the World Cup."



JACQUES DE VRIES
BA (Hons) History

"Sport and soccer are the only good form of nationalism that exists."



WADE FAURE
NDip (Marketing) CPUT

"I prefer soccer, but my perception of soccer has become better."

Nobody wants to introduce their parents to a 43-percenter.

▲ RAISE YOUR GRADE THIS SEMESTER AT VAN SCHAİK BOOKSTORE.
Spend R750 or more and say hello to up to R30 FREE* **airtime**!



STELLENBOSCH: University of Stellenbosch, Langenhoven Centre (Neelsie),
Tel: 021 887 2830, E-mail: vasbosch@vanschalk.com

TYGERBERG: University of Stellenbosch, Tygerberg Medical Campus, Student Centre,
Ground Floor, Fransie van Zyl Drive, Tel: 021 932 0203, E-mail: tygerberg@vanschalk.com

www.vanschalk.com

Terms & conditions apply. *Amount varies between R25 and R30 depending on service provider. Free airtime will be supplied to the mobile number provided within 24 hours. Offer valid until 30 August 2010 while stocks last.

VAN SCHAİK TAKING YOU PLACES
BOOKSTORE



DIE WEG NA DROË GROND Heiko Redecker van die Maties-Fietsryklub ry vinnig om die draai by Die Burger Bergfietsuitdaging. Die roete het baie hindernisse gehad en baie deelnemers moes handdoek ingooi.

Foto: JANDRÉ ROBBERTZE

Maties presteer by Bergfietsuitdaging Sukses ten spyte van hindernisse

MIA SMIT EN ELIZMARI THERON

Die Burger Bergfietsuitdaging was dié jaar besonder moeilik en baie deelnemers het beserings opgedoen en kon nie die resies klaarmaak nie.

David George het die mansafdeling met 'n tyd van 03:22:21 gewen en Hanlie Booyens die vroue-afdeling met 'n tyd van 04:20:08. Sô het hulle stof in 3 200 ander mense se oë geskop.

'n Groot groep Maties het ook op 31 Julie aan hierdie fietstoer deelgeneem. Die top-presteerders in hierdie groep, wat bekendstaan as die GT SUSPI Maties, was Erik Kleinhans, Christiaan Kriek, Bianca Grotepass en Chris Wolhuter. "Dit was uitmergelend, maar lekker!" het Erik Kleinhans, voorsitter: Maties Fietsryklub, gesê.

Arina Botha, mede-eienaar van Dirtopia en mede-organiseerder van die resies, sê: "Dit is 'n bergfietsresies, so natuurlik gaan dit rof wees. Dit is 'n rowwe terrein, maar deelnemers moet beheer oor hul fietse behou en nie te vinnig ry nie. Die verskillende afdelings maak dat enige iemand van voorskoolse kinders tot afgetrede mense kan deelneem. Deelnemers moet weet aan watter kategorie hulle behoort. Vier uit 3 200 mense het beserings opgedoen, wat nie 'n slegte statistiek is nie." Verder sê sy: "Die resies was 'n baie groot sukses. Die 30km- en 42km-afdeling was vol gewees. Dit is een van die beste roetes in die land. Die resies het baie potensiaal om nog te groei."

Erik het algeheel twaalfde geëindig. Hy verduidelik dat hy kan verstaan dat die wedren 'n taai toffie was vir die gemiddelde deelnemer, maar hy beklemtoon dat hierdie tipe wedren weer aan meer geharde fietsryers genot verskaf.

Alhoewel Erik teëspoed gehad het met 'n pap wiel of twee, en daarom sy tyd effe verspeel het, is hy steeds van

mening dat die roete die moeite wê is. Christiaan, wat algeheel vyfde geëindig het, stem saam dat dit 'n groot uitdaging was. Hy het eers aan die begin van die jaar weer begin oefen. Hy het ná 'n tyd-lange afwesigheid behoorlik in dié wedren die speke laat sing. Hy meen dat hy tevrede is met sy prestasie, en dat dit pret was.

Christiaan en Erik loof die organisasie van hierdie geleentheid en sê dit duidelik was dat die organiseerders hul storie ken.

Vier uit 3 200 mense het beserings opgedoen

Bianca was die tweede vrou in die 60km-afdeling klaargemaak. Sy sê: "Die wedren was redelik lekker. Die roete was baie goed gemerk en was nie nat gewees nie. Die Simonsberg Enkelbaan was baie lekker gewees. Dit was 'n harde en moeilike resies, maar daar was baie mense wat dit moeielik gemaak het, veral toe ons die 42km-groep ingehaal het. Ek dink dat iemand wat nog nie vantevorens resies gery het, behoort hieraan deel te neem nie."

Die resies het by Paul Roodt Gimnasium se Marköttervelde begin en geëindig. Daar was vier verskillende roetes, naamlik die 15km-, 30km-, 42km- en 60km-roetes.

Daar was ook 'n 75km-roete, wat slegs op uitnodiging was vir mense wat hulself reeds by ander fietsresies bewys het. Erik het besonder gelyk gevaar by die ABSA Cape Epic. Hy het sô vir homself 'n plek in hierdie gesogte groep van 120 mense besorg. Christiaan het ook baie goed gevaar by ander resies en was dus ook deel van die groep.

Andrew Smith, kaptein: GT SUSPI Maties, sê: "Ek dink daar is verskeie aspekte wat 'n rol speel in die Maties se prestasies. Die wedren was op pad en roetes wat die meeste Maties gekon en in bergfietsry, wat soms baie tegniese roetes kan insluit, is dit 'n groot voordeel."

"Ryers soos Christiaan is ongelooflik gemotiveerd en toegewyd om goeie resultate te kry."

Steinhoff
 International

Steinhoff Koshuiswedstrydbepalings 2010 (Eersteliga)



13 Aug	Steinhoff Helshoogte	vs.	Steinhoff Kolonieshof
13 Aug	Steinhoff Huis Marais	vs.	Steinhoff PSO Barbarians
13 Aug	Steinhoff Eisenburg	vs.	Steinhoff Eendrag
13 Aug	Steinhoff Majuba	vs.	Steinhoff Dagbreek
13 Aug	Steinhoff Helderberg	vs.	Steinhoff Wilgenhof
13 Aug	Steinhoff Medies	vs.	Steinhoff Simonsberg

FIRST NATIONAL BANK MATIES FIRST TEAM

FNB MATIES
31 Julie 2010
FNB Maties
VS
NNK 1
69 - 3